Wat is Geestelike Oorlogvoering?

Dr. Gerrie de Haas

gerrie@gedaministries.co.za

’EN GEE AAN DIE DUIWEL GEEN PLEK NIE’

Is u geestelik, emosioneel en liggaamlik gereed en toegerus vir dit wat vir ons in die toekoms wag?

God se plan is om ons in totale vryheid te laat lewe.
Daarom sê die Woord: As God ons vrymaak sal ons waarlik vry wees. Dis alleen wanneer ons in die volle waarheid kom dat ons vry sal wees.

Efesiërs 6:12;
‘Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug’.

Efesiërs 4:27;
‘En gee aan die duiwel geen plek nie’.

Inhoud

1. Koninkryke in opposisie.

2. Misleiding.

3. Die vyand se taktiek.

4. Satan is ontwapen.

5. Demone en bevryding.

6. Kan ‘n Christen ook nog onder demoniese invloed wees?

7. Gebed in die stryd teen die bose.

1. KONINKRYKE IN OPPOSISIE

God se plan in om ons in totale vryheid te laat lewe.
Sy Woord sê: 'As God ons vrymaak sal ons waarlik vry wees'.
Dis alleen wanneer ons in die volle waarheid kom dat ons vry sal wees.

Is jy geestelik, emosioneel en ligaamlik gereed en toegerus vir dit wat vir ons in die toekoms wag?

Sedert die begin van die wêreld het Satan baie maniere geskep om mens weg te hou van die aanbidding van die ware en enigste God. Hy wou mense in 'n toestand kry waar hulle mensgemaakte dinge aanbid ipv. die Skepper God self.

Die gees van Satan is voortdurend in 'n staat van oorlog teen die Gees van God.
Daarom is al God se kinders ook betrokke in dié oorlog.

Hierdie oorlog is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, magte, wêreldheersers en teen die bose geeste in die lug. (*Efes.6:12*) Net soos daar 'n Gees van Jesus Christus in die wêreld is (*Fil.1:19*), so is daar ook 'n gees van die Antichris. (*1 Joh. 4:1-4*)

Hierdie onderwerp word al hoe belangriker in die gelowige se lewe namate die aanslag van die bose al erger word.
Geen Christen mag meer oningelig hieroor wees nie want onkunde maak jou 'n maklike teiken.

Ons ken die geskiedenis waar een van die hoofengele, die gerub Lucifer, in die hemele in opstand gekom het teenoor God en hy en 'n derde van die engele wat hy mislei het, uit die hemel gegooi is.

Lucifer verloor sy status en sy pragtige liggaam en hy staan nou bekend as 'Satan' wat teenstander beteken of as 'die duiwel' wat bedrieër beteken.

Saam met Satan word die engele wat hom gevolg het, ook uitgewerp as geeste en staan hulle nou bekend as 'gevalle engele' of 'onrein geeste' of 'demone'. Dis alles name vir dieselfde geeste.

Satan word nou op aarde die leier van die gevalle engele of demone.

Sommige van hierdie demone eindig in hemelse plekke, ander op aarde of in die doderyk of in die waters onder die aarde. Hier neem hulle eienaarskap en beheer en uit hierdie areas probeer hulle 'n houvas kry op mense.

Eksodus 20:3-5 beskryf hierdie plekke waar die afgode heers:

'Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie.
Jy mag vir jou geen gesnede beeld of enige gelykenis maak van wat
bo in die hemel is, of van wat **onder op die aarde** is, of van wat **in**
die waters onder die aarde is nie.
Jy mag jou voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien nie; want Ek, die HERE jou God, is 'n jaloerse God'.

Die vier plekke waar afgode is:

1. Bo in die hemel: Dit is die tweede hemel.
Al die geeste van die lug versamel hier. (*Efesiërs 2:2*)

2. Op die aarde: Hier kry ons dierlike geeste, die geeste van die berge, die valleie, bome en woude.

3. In die water: Al die water-geeste soos die gees van meermin, gees van Neptunus en die geeste van die koningin van die kus ('Queen of the coast').

4. Onder die aarde: Die realm van die doderyk, die voorvadergeeste, satanisme en die geeste van spiritisme.

Satan beheer vanuit hierdie plekke met sy valse aanbidding en misleiding die negatiewe geestelike wêrel deur die moeder van

alle afgodediens, die 'Queen of heaven' – die sg. hemelkoningin.

Die feit dat Jesus Christus opgevaar het na die hemel en Satan neer-gewerp is, beteken nie dat alles wel is nie!

Nadat Satan neergewerp is, sien ons hom die eerste keer weer in die Paradys.
Omdat hy nie meer God kan teenstaan nie, wend hy hom nou tot die kroon van God se skepping, Adam en Eva.

Omdat Satan nie 'n liggaam het nie en slegs 'n gees is, kom hy in die geleende liggaam van die slang na Eva toe.
Hy kom om haar te mislei en tot sonde oor te haal.
Dit was sy strategie om haar te mislei en dan vir Adam, om sodoende weer die heerskappy van die wêreld terug te wen.

DIE EWIGE OORLOG.

Daar is nou kompetisie tussen die twee koninkryke.
Hierdie kompetisie gaan daaroor oor wie jou gaan beheer.
Hierdie oorlog gaan oor jou en my! Die een wat dit regkry om jou gees te beheer, sal jou ook beheer.

Die een is die 'lewe-gewer': Om jou 'n lewe in oorvloed te gee.
Die ander een die 'lewe-nemer': Om jou lewe te steel, te slag en te verwoes.

Hierdie is die ewige geestelike oorlog waarvan gepraat word.

DIE KONFLIK IN DIE GEESTESWÊRELD.

As kinders van God het ons die volgende versekering:

Psalm 91:9–11; **'**Want U, Here, is my toevlug.
Die Allerhoogste het jy jou beskutting gemaak.
Geen onheil sal jou tref en geen plaag naby jou tent kom nie;
want Hy sal sy engele aangaande jou bevel gee om jou te bewaar op al jou weë'.

Al betree ons hierdie oorlogsveld, bly hierdie belofte vir ons. Ons is bewus van die bestaan van die bose in die onsienbare wêreld en hoe dit ons daaglikse lewe kan beïnvloed, maar daar is maniere om te oorwin.
God het aan ons die geheime openbaar hoe om Satan en sy demoniese magte te ontmaker.

In die geesteswêreld is daar oorloë aan die gang – dag en nag. So baie van hierdie oorloë het direkte gevolge op ons menslike situasies.
Gelowige mans en vroue is daagliks besig met 'stry die goeie stryd van geloof '. ***1 Timotheus 6: 12.***

Toe Jesus Christus gesê het in ***Mattheus 10:34*** **'**Moenie dink dat Ek gekom het om vrede op die aarde te bring nie.
Ek het nie gekom om vrede te bring nie, maar die swaard' het Hy direk verwys na geestelike oorlogvoering.

Terwyl daar nog altyd die bose is om te oorkom en onregverdigheid bestaan en solank ongoddelike mense die wêreld regeer en die ongedissiplineerdes die wette van God ignoreer, sal geestelike oorlogvoering 'n werklikheid bly.

Daar is in die geesteswêreld veldslae tussen die magte van God en die bose magte, op duisende maniere.
Sommiges klein, ander groter en party so groot, dit beïnvloed nasies en lande en die wêreldgeskiedenis.

Aan die een kant is God besig om die wêreld voor te berei vir die koms van Sy Seun, Jesus Christus, terwyl Satan alles in sy vermoë doen om hierdie plan van God teen te staan. Daarom is geestelike oorlogvoering so 'n groot deel van ons geestelike wandel.

Die tragedie is dat so baie Christene totaal onbewus is hiervan, óf kies om niks daarmee te doen te hê nie, óf totaal onkundig is oor hierdie onderwerp. Onkunde maak jou ongelukkig 'n

groot slagoffer. Ons het defnitief meer kennis hieroor nodig en meer inligting nodig oor die wapens wat vir ons beskikbaar is.

Kom ons kyk daarna: ***Efesiërs 6: 12***
'Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug'.

Elke mens is betrokke in 'n oorlog wat nog eendag gaan uitloop in die grootste oorlog van almal. Dié oorlog is meer krities as die stryd tussen magtige nasies met atoombomme!

Wees verseker: Ons vyand begeer om mense se gees, hulle siele en hulle liggame te verwoes. Hierdie geestelike oorlog is nie soos aardse oorloë nie, alhoewel aardse dinge 'n rol daarin speel.

Ons oorlog is in die bo-natuurlike of geestelike realms. Alhoewel die vyand nie met blote oë gesien kan word nie, is hy ongelukkig 'n werklikheid.

Die hele konflik is tussen die magte en kragte van God en die minderkragtige magte van Satan. 'n Konflik tussen:
* goed en kwaad,
* tussen die krag wat opbou, en die krag wat verwoes.

Ons moet werklik leer hoe om effektief in hierdie stryd in te gaan, want baie lewens, en dit sluit ons-self in, hang daarvan af.

Ten spyte van alles wat al gesê is oor hierdie stryd, is daar so baie wat nog buite staan.
Hulle loer, hulle kritiseer en hulle oordeel.

DRIE REDES WAAROM MENSE ONBETROKKE IS:

EERSTENS:

Mense ontken dat daar werklik 'n geesteswêreld is en dat daar regtig goed soos bose geeste bestaan. So baie mense wat ek ontmoet dink dat Satan en sy magte iets is soos Sneeuwitjie en die dwergies. Sommer sulke ou klein kinderlike dingetjies.

Daar is ontkenning dat enige bose dinge in die wêreld die werk van Satan kan wees.
Hulle glo alles wat verkeerd gaan is maar net slegte geluk en kom ons gaan aan, al gebeur dieselfde dinge keer op keer in sy lewe! Die hele Bybel is vol van die boosheid van Satan, en het ons nou net gelees hoe Paulus hulle 'owerhede, magte en bose geeste in die lug' noem.

Jesus Christus noem Satan 'die owerste van hierdie wêreld' in ***Johannes 12: 31.***
In ***Mattheus 13:39*** 'en die vyand wat dit saai, is die duiwel'. Elke ding wat vir reg en regverdig staan word deur Satan opponeer.

Satan se hele doel is om die bestaan van die geestelike dinge af te maak, asof dit maar net nie bestaan nie. As hy ons kan weglei van die bo-natuurlike, kan hy ons weghou van geestelike oplossings van ons probleme.

TWEEDENS:

Die fout wat die kerk ook maak, is nou weer om alles wat verkeerd gaan, op die duiwel te pak. Hierdie mense sien later nie hulle eie foute raak nie, maar gooi alles net oor – duiwel toe. Later ontwikkel dit in so 'n vrees vir Satan dat ons ons vertroue in God vergeet.

Alle siektes en probleme kom nie van Satan af nie. Baie is wel, maar nie alles nie. Ons moet baie kundig wees op hierdie gebied,

Wanneer siekte en ellende kom agv. menslike foute, help dit nie om duiwels uit te dryf nie – jy sal nie gesond word nie. Dan kom die ou sêwoord weer in:
'Jy kom om gebed te ontvang vir jou siekte, maar die sonde wat jy toegelaat het in jou lewe wat jou siek gemaak het, wil jy nie hanteer nie'. Vergeet dit!

Om aan 'n virus blootgestel te word, is nie dieselfde as om deur demone beheer te word nie!
Vir ewig sal tragiese dinge gebeur in die lewens van regverdiges en onregverdiges – hanteer dit net reg asb.

DERDE DWALING:

Sommige Christene glo dat alle gelowiges immuun is teen die duiwel. Dan word gesê: 'As ek eers tot bekering gekom het, sal die duiwel nie naby my kom nie'.

1. So het Moeder Eva ook geglo in die paradys. Sy het altyd gesê: 'As ek die duiwel los, sal hy my los'. Het hy haar toe gelos? Nee, hy het haar daar onder God se oë kom verlei en mislei.

Hoekom ? Hy is vir haar kwaad want Jesus is lief vir haar. Dit sal altyd so wees.

2. Jesus Christus, na Sy doop en vervulling met die Heilge Gees, word ook deur Satan versoek. Kon Hy sondig?
Ja, die mens-deel in Hom kon en die Satan het dit geweet. Maar jy dink hy gaan jou los? Passop vir die valse sekuriteit!

OPSOMMING:

Daar is so baie Christene wat nie ten volle toegerus is vir hierdie stryd nie. **My vraag:** Is jy geestelik paraat vir wat kom?

In die kerk weet te veel mense nie wat hulle werklike posisie in Christus is nie. Hulle weet nie hoe om die krag en die bloed en die Naam van Jesus Christus werklik te gebruik nie.
Dit maak ons Christene so maklik ‘n prooi vir die duiwel.

Nou, as **ons** nie eers mooi weet nie, dink net hoe kwesbaar is die ongelowiges.
Kom ons leer saam hoe om te oorwin !

2. MISLEIDING

Die doel van hierdie lesings is om jou te lei na volkome vryheid in Christus Jesus.

Daar is vandag net te veel mense wat die realiteit van Satan bevraagteken en glo dat die idee van demone is sommer net in jou kop.

Ek het al, soos baie van julle, my vasgeloop in die krag van die duiwel. Ek ken die gevoel dat hy is hier by my en blaas in my nek.

Ek ken die gevoel van magteloosheid as dit by bose werke kom, maar - ek het al deurgebreek en oorwinning oor die vyand behaal – en so kan jy.

Deur God se genade kon ek al so baie mense bevry van ‘n houvas deur demone in hulle lewe.

So ‘n verhaal: **Sophy.**

Sy is ‘n Geesvervulde Christenmeisie wat op universiteit studeer het en deel uitmaak van TRUK.
Die uitvoerende kunste is haar passie en sy is deel van die grootste toneelgeselskap in Suid-Afrika.

Sy het my kom sien omdat dinge skielik baie verkeerd in haar lewe begin gaan het.

Daar was ‘n ongekende aggressie, nagmerries, vrees en hardheid in haar lewe wat haar familie baie bekommerd gemaak het.

Sy het gekom omdat syself gevoel het dinge gaan te ver.

By bediening was daar duidelik ‘n alternatiewe gees in haar wat soos ‘n kat gemaak het as ek naby haar gekom het.

Deur die leiding van die Heilige Gees was die openbaring daar dat iets in haar werk verkeerd gegaan het.

Sy het erken dat sy ‘n heks was in die toneel wat in die staatsteater in Pretoria optree.

Tydens die opvoering boots sy ‘n heks na en spreek selfs vervloekinge uit!

Hierdie was duidelik ‘n okkulte gees wat met bevryding uitgegaan het en sy is vandag vry.

Die les wat ons hieruit moet leer is dat selfs geesvervulde Christene die verkeerde deur kan oopmaak – meestal agv. onkunde.

Sophy het ook duidelik later erken dat sy nooit eers daaraan gedink het dat wat sy gedoen het, verkeerd was nie.

Brenda:

Sy kom vir bediening omdat sy vasgevang is in die wêreld.

Sy was betrokke by satanisme en het ‘n hele paar tatoeërmerke gehad.

Daar was die gebruiklike naeltjiering, ‘n stukkie yster in die linker wenkbrou, sigaretrook en ‘n T-hemp met die woorde: ‘I am a bad girl.’

Sy het besef dat sy oppad is na nêrens en dat die kwaad en verwerping vir haar te veel word.

By bediening word sy vrygemaak van hierdie bose gees en die gees van aggressie.

Vandag dien sy die Here met oorgawe en is ons besig om die laaste tatoeërmerke af te haal.

Haar verhaal is soortgelyk aan so baie ander wat ek kan vertel.

* Sommiges is al by die toestand waar daar soveel veroordeling en skuldgevoelens is, dat jy voel jy kan nie meer gehelp word nie.

* Ander weer is so verslaaf, dat uitkom kans maar bra skraal is.

* Hulle greep op jou is al so groot – jy vrees al vir jou lewe.

Wat wil ek jou kom leer ?

* Jy moet leer waarom dit so belangrik is om die werking van die

bose te verstaan.

* Jy moet leer wat verhinder mense om die lig te kan sien.

* Jy moet leer wat Satan se komplot teen jou is.

* Jy moet die belang van vergifnis leer om die duiwel weg te hou

van jou af.

* Jy moet leer om te weet of jy bevryding nodig het of nie.

* Jy moet die antwoord leer op die vraag: ‘Kan Christene nog

onder demoniese invloed wees?.’

* Jy moet leer hoe om beheer te neem oor jou gedagtewêreld.

Ek het geleer dat as jy werklik ‘n lering van hierdie omvang wil aanbied, is een ding belangrik:

Die rol van die skurk of vyand in ‘n verhaal is so belangrik.

Jy sal nooit verstaan hoe groot die rol van die oorwinnaar is as jy nie weet hoe groot jou vyand is nie.

Een maklike voorbeeld: **Superman.**

Niemand sou in hom belangstel as dit nie was dat hy bereid is om te veg teen die skynbaar onoorwinlike Lex Luther nie.

Maw. groot oorwinnaars en groot hero’s word eers groot wanneer hulle te staan kom teen groot skurke, ‘n groot moordenaar of groot teenstaanders.

Sonder sulke sterk opposisie sal die grootheid van hulle karakter maar net onbekend bly.

Nou: Die toneel van ‘n oorwinnaar en ‘n groot skurk, is deel van ons daaglikse lewe.

Nog ‘n voorbeeld:

Winston Churchill word gesien as een van die grootste oorwinnaars in moderne geskiedenis.

Hy is nie bekend net omdat hy ‘n suksesvolle politikus was of ‘n briljante spreker en analis nie, maar omdat hy ‘n oorlog betree het teen Adolf Hitler.

Hitler het alle opposisie in Europa van die tafel gevee en was skynbaar onoorwinlik, maar Churchill veg teen hom en sy troepe en behaal oorwinning – dis wat tel.

Nou hierdie oorlog tussen die skurk en die hero speel elke dag af in die wêreld.

Die grootste verhaal wat ooit vertel word is God se optrede en oorwinning teenoor die taktiek van Satan.

Die evangelie teen die koninkryk van die Duiwel.

Hier sien ons God se liefde vir die mensdom – 'n liefde wat gemaak het dat Hy alles gewaag het om ons vry te maak van die houvas van die vyand, Satan.

Satan se plan was om Adam en Eva te verwyder van God af deur hulle te verlei om nie God se opdragte uit te voer nie.

Satan was daarop uit om die outoriteit wat God aan die mens gegee het van hom weg te steel.

Toe God mens gemaak het, het Hy aan hulle die heerskappy gegee oor die skepping.

Genesis 1:28;

'God het hulle geseën en gesê: wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde, onderwerp dit en heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en oor al die diere wat op die aarde kruip.'

Wat het in die Tuin van Eden gebeur?

God kom gee aan Adam 'n opdrag: ***Genesis 2:16-17;***

'En die HERE God het aan die mens bevel gegee en gesê: Van al

die bome van die tuin mag jy vry eet, maar van die boom van die

kennis van goed en kwaad, daarvan mag jy nie eet nie; want die

dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe.'

Dit was tog nie moeilik om te verstaan nie.

'Moenie eet van dié een spesifieke boom nie – los hom uit.'

Al wat God van Adam en Eva verwag het as deel van hulle toewyding aan Hom was om hierdie eenvoudige opdrag uit te voer.

Skielik kom die slang op die toneel.

Wie is hy? ***Openbaring 29:2;***

'Die ou slang wat die duiwel en die Satan is.'

Almal weet presies wie hy is.

Hoor net wat sê hy aan Eva. Let op sy woordspeling.

Genesis 3:1;

'En hy sê vir die vrou: Is dit ook so dat God gesê het: Julle mag

nie eet van al die bome van die tuin nie?'

Eva antwoord hom: ***Genesis 3:2-3;***

'Van die vrugte van die bome in die tuin mag ons eet,

maar van die vrugte van die boom wat in die middel van die tuin is, het God gesê: Julle mag daarvan nie eet nie en dit nie aanroer nie, anders sal julle sterwe.'

Dis tog duidelik dat Eva van die begin af in verwarring was.

1. God het niks gesê van die aanraking van die vrugte nie – slegs dat hulle nie daarvan mag eet nie.

2. Die boom wat in die middel van die tuin gestaan het was die Boom van die lewe.

Daar was geen opdrag daaroor nie – nie van eet of nie eet nie.

God se opdrag aan Adam en Eva was tog so eenvoudig.

Hoe kon sy so maklik deurmekaar en verwar geraak het?

Dit is altyd die begin van misleiding.

So lank as wat jy nie seker is wat God sê of van jou verwag nie, is jy ‘n kandidaat vir misleiding en verwarring.

Satan kry dit egter reg om hierdie heerskappy te be-ëindig.

Adam en Eva was nie in staat om oor die slang te heers nie – in teendeel, die slang word die heerser oor hulle.

God se plan gaan dus nie net oor die vergewing van sonde alleen nie, maar sluit in dat ek en jy weer die heerskappy moet terugwen.

Jesus het dit vir ons kom moontlik maak.

Kom ons kyk net weer na Johannes se woorde:

1 Johannes 3:8;

‘Vir hierdie doel het die Seun van God verskyn, om die werke van die duiwel te verbreek.’

God het hier defnitief ‘n doel en ‘n motief: Om die duiwel se mag te breek en om oor hom te heers – nou en vir ewig.

So baie Christene sien nie raak dat dit een van die hoofredes was hoekom Jesus Christus aarde toe gekom het nie.

Dis hoekom so baie Christene van die hele konsep van die duiwel wil wegkom – sonder om te besef dat Jesus moes terugkom om hom te oorwin.

Ons moet dit raaksien.

Daar is ‘n skurk, maar ‘n baie groter oorwinnaar in Jesus Christus.

Die vraag in die moderne kerk is dan:

Het die evangelie van die koninkryk dan iets te doene met die oorwinning oor die duiwel ?

Natuurlik gaan die evangelie oor God se vergifnis van ons sonde.

Maar, vergifnis kom eers wanneer ons gered word uit die greep van duisternis, wat ons so lank weggehou het van die terugdraai na Jesus toe, om daarna Sy vergifnis te kry.

Kolossense 1:13-14;

'Want Hy het ons verlos uit die mag van die duisternis en oorgebring in die koninkryk van die Seun van sy liefde,

In wie ons die verlossing het deur sy bloed, naamlik die vergifnis van die sondes.'

Redding en wedergeboorte is niks anders as God wat ons verlos uit die greep van Satan nie.

Dis dan eers wanneer ons die waarheid sien:

Ons was verbind aan die duiwel deur ons sonde.

Maar deur die offer van Jesus Christus vir ons sonde aan die kruis, het daar nou verbreking gekom van die band wat ons gebind het.

As ons net elke persoon wat tot bekering kom, totaal kan verlos van sy verlede ook en hom losmaak van alles van die verlede, sal ons probleme in die kerk soveel minder wees.

Dis eers wanneer ons mooi besef wat Satan se rol was om ons in duisternis te hou dat ons besef hoe groot ons behoefte aan bevryding van sy demoniese mag is.

Demone is niks anders as Satan se troepe nie en hulle het een doel: om my en jou in duisternis te hou.

Demone kry dit net te lank reg om mense te bind met sondes en omstandighede.

Dit word later so erg dat dit so moeilik word om God se krag te aanvaar, om hulle daar uit te red.

Dis die rede hoekom Jesus so duidelik vir Sy kerk 'n opdrag gee om die werke van die duiwel te verbreek:

As elke persoon wat tot bekering kom totaal verlos kan word van sy verlede en van dit wat hom gebind het in die verlede, sal ons probleme soveel minder wees en sal die persentasie van nuwe bekeerlinge wat deurdruk, soveel groter wees.

As alle nuutgeworde Christene bevry word direk na wedergeboorte sal daar nie later die nodigheid wees om te wonder of 'gays' ook predikante kan wees nie.

Alle persone met seksuele probleme of afwykings in hulle persoonlikheid of met bitterheid sal dan alreeds vry wees – so geen probleme verder nie.

Maar, as ons maar net aangaan sou nou, waar daar soveel persone met bindinge in die kerk sit, sal die kerk aanhou sukkel met hierdie probleme.

Markus 16:17;

'En vir die wat geglo het, sal hierdie tekens volg: in My Naam sal hulle duiwels uitdryf.'

Ongelukkig skram ons weg van hierdie opdrag, maar dis net so belangrik as enige ander opdrag wat Jesus vir ons kom gee het.

Ons wil vir die tradisionele kerke oor die doop sê:

‘Gaan lees wat in die Bybel staan oor die doop’, maar, oor die hele kwessie van bevryding vra ek nou: Hoekom lees julle self dan nie wat hieroor in die Bybel staan nie ?

Kom ons maak dit meer duidelik.

Jesus word opgeneem in die hemel na Sy laaste opdragte aan sy dissipels.

‘n Hele tyd daarna, lank na Sy hemelvaart, kom gee Hy hierdie opdrag aan Paulus:

Handelinge 26:17-18

‘Ek sal jou verlos uit die volk en die heidene na wie Ek jou nou stuur,

Om hulle oë te open, dat hulle hul van die duisternis tot die lig

kan bekeer en van die mag van die Satan tot God, sodat hulle deur die geloof in My vergifnis van sondes en ‘n erfdeel onder die geheiligdes kan ontvang.’

Hierdie is ‘n baie belangrike opdrag aan die kerk – nie net aan die dissipels nie.

‘Bekeer hulle van duisternis tot lig, en van die mag van Satan tot God.’

Bekering alleenlik red jou nie uit die houvas van satan nie – jy moet daarvan bevry word’

Die wêreld in die algemeen is totaal onbewus dat Satan hulle deur sy mag beheer.

As gelowiges het ons ‘n opdrag gekry om hulle vry te maak van Satan se greep, sodat hulle ‘vergifnis van sonde ‘ kan ontvang.

Die enigste rede waarom mense in hulle sonde bly is die donker wolk wat hulle onverskillig hou en weghou van die waarheid.

Verhaal van ‘n man en sy ongelowige oupa:

‘n Jong man vertel dat sy oupa ‘n ateïs was.

Vir jare het hy aan sy oupa alles vertel wat hy van God geweet het.

Oupa het egter volgehou dat daar geen God is nie – alles was maar net daar.

Dan vertel hy hom weer dat God in die hemel is en lief is vir hom, maar oupa wou dit nie aanvaar nie.

Hy het altyd gesê: ‘Hy was maar net ‘n man soos ek en jy – ek glo nie in hom nie.

Woorde wat die seun baie seergemaak het!

Die seun vra toe weer eendag vir God: ‘Waarom red U nie my oupa nie, Here?’

Al wat die Here antwoord is dat Hy hom wil red.

Hy sê toe: ‘Die probleem is nie by My nie seun, dis by die duiwel.’

God leer toe aan hom die beginsels wat die Satan gebruik om mense te verhoed om gered te word.

2 Korinthiërs 4:4

‘Satan, die god van hierdie wêreld, het die ongelowiges se sinne verblind, sodat die verligting van die evangelie van die heerlikheid van Christus, wat die beeld van God is, nie op hulle sou skyn nie.’

Hulle verstaan nie die boodskap wat ons aan hulle bring nie.

Dis nie dat hulle nie die lig wil sien nie, hulle is nie in staat om dit te sien nie !

Jy kan tog nooit kwaad wees vir 'n blinde omdat hy nie sonstrale kan sien nie – want hy kan nie!

Ook dan nie kwaad wees vir 'n sondaar dat hy nie God se lig kan sien nie – hy is geblinddoek – blind daarvoor.

God sê verder:

'Satan is die god van alle ongelowiges. Dit help nie dat Ek hulle wil red nie, want Ek kan nie, Ek is nie hulle god nie.

Al wat jy nou kan vra is dat Ek arbeiders oor hulle pad kan stuur om hulle te leer en te help en te oortuig.'

God sê aan hierdie jong man: 'Ek stuur jou nou na jou oupa toe.'

Hy sê: 'Here, ek het hom alles vertel wat ek weet, hy wil nie hoor nie.'

'Seun, as jou oupa nie meer blind sal wees vir die waarheid nie, sal hy na My toe draai' sê die Here.

'Wat moet ek dan doen Here?'

Die Here sê vir hom:

'Ek gee nou aan jou My outoriteit en krag om die duiwel teen te staan en sy mag te breek waarmee hy jou oupa blind hou.

Gaan na hom toe en sê: Satan, ek verbreek jou mag waarmee jy my oupa se gedagtes mee bind.

Stop dit nou dadelik in die Naam van Jesus Christus!'

Die seun sê: ‘Here, wil u aan my vertel dat my oupa nie gered kan word nie, omdat die duiwel sy gedagtes verblind?’

‘Ja’, sê God.

Hy sê: ‘Here, dit moet U mooi vir my wys in die Bybel.’

Die Here neem hom na die gelykenis van die saaier.

Hy sê ek moet lees wat gebeur met die mense langs die pad wat die Woord hoor.

Lukas 8:11-12

‘Die saad is die Woord van God.

Dié langs die pad is die hoorders. Daarna kom die duiwel en neem die woord uit hul harte weg, sodat hulle nie sou glo en gered word nie.’

Seun: ‘Here, hoekom hoor hulle nie U woord nie?’

‘Want die duiwel kom en neem die woord uit hulle harte weg.

Die duiwel kom verblind hulle om die woord nie te aanvaar nie.’

Nou dis die antwoord:

Soveel mense glo dat ander nie gered wil word nie, maar dis nie die volle waarheid nie –sommiges wil, maar kan nie.

So gaan nou uit en stop die duiwel om dit te doen.

Ons het Jesus se Naam en Sy outoriteit om dit te kan doen.

Teen hierdie outorieit het die duiwel nie ‘n kans nie – hy moet ophou.

Dis hoekom Jesus aan Paulus gesê het: ‘Gaan bekeer hulle van die duisternis tot die lig en van die mag van Satan tot God.’

Na dit stap die jong man in sy oupa se studeerkamer in en sê kliphard:

'Oupa, nou weet ek hoekom jou hart so hard is – jy is nog altyd verblind deur die duiwel.'

En hy skreeu daar vir die duiwel dat hy hom nou bind en sy mag oor sy oupa verbreek.

Oupa staan net sprakeloos en luister.

Dadelik het daar verandering begin kom en binne ses maande het sy oupa na hom toe gekom en gesê:

'Ek is nou gereed seun, help my om by Jesus uit te kom!'

Ek en jy het werk om te gaan doen.

Voordat ons dink dat dit slegs gaan oor sondevergifnis, moet ons besef dat ek en jy ook hier op aarde is om die werke van die duiwel te vernietig en kan ons hom oorwin in die Naam van Jesus Christus.

Dis eers as hy gebind is my lewe dat ek na die volheid van God kan kom en werklik my sonde uit my lewe kan uitkry.

Dis wanneer ek nie meer terugval in ou sondige gewoontes nie en werklik 'n lewe van oorwinning kan lewe.

Jy kom na my toe vir genesing, bevryding en seëninge, maar die sonde wat jou in die moeilikheid het, wil jy nie self hanteer nie.

3. DIE VYAND SE TAKTIEK

2Kor 11:13 Want sulke mense is valse apostels, bedrieglike arbeiders wat hulleself verander in apostels van Christus.

Paulus was nooit bekend vir vrees nie, maar iets in hom was bekommerd oor die kerk in Korinthe.

Wat het hom bekommer?

Hy was besorgd dat Satan die gemeente sal weglei van hulle eenvoudige en opregte toewyding aan Christus.

Nou van die begin af was dit nog altyd Satan se taktiek.

Dit het nog nooit verander nie.

Wat het in die tuin van Eden gebeur?

God kom gee aan Adam 'n opdrag: ***Gen 2:16-17***

" en die Here God het aan die mens bevel gegee en gesê: Van al die bome van die tuin mag jy vry eet,

Maar van die boom van die kennis van goed en van kwaad, daarvan mag jy nie eet nie; want die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe."

Dit was tog nie moeilik om te verstaan nie.

" Moenie eet van dié een spesifieke boom nie – los dit uit "

Al wat God van Adam en Eva verwag het as deel van hulle toewyding aan Hom, was om hierdie eenvoudige opdrag uit te voer.

Skielik kom die slang op die toneel.

Wie is hy ?

Open 20:2

" die ou slang wat die duiwel en die Satan is.."

Almal weet presies wie hy is.

Hoor net wat sê hy aan Eva.

Let op sy woordspeling:

Gen 3:1

"..en hy sê vir die vrou: Is dit ook so dat God gesê het: Julle mag nie eet van al die bome van die tuin nie?

Gen 3: 2-3; Eva antwoord hom:

"..van die vrugte van die bome in die tuin mag ons eet,

Maar van die vrugte van die boom wat in die middel van die tuin is het God gesê: Julle mag daarvan nie eet nie en dit nie aanroer (aanraak) nie, anders sal julle sterwe."

Dis tog duidelik dat Eva van die begin af in verwarring was.

No 1: God het niks gesê van die aanraking van die vrugte nie – slegs dat hulle nie daarvan mag eet nie.

No 2: Die boom wat in die middel van die tuin gestaan het, was die boom van die lewe.

Daar was geen opdrag daaroor nie – nie van eet of nie van eet nie.

God se opdrag aan Adam en Eva was tog so eenvoudig.

Hoe kon sy so maklik deurmekaar en verwar geraak het ?

Nou my mens: dis altyd die begin van misleiding.

So lank as wat jy nie seker is wat God sê of van jou verwag nie, is jy 'n kandidaat vir misleiding en verwarring.

Dit was in die begin Paulus se bekommernis en dit is nou nog ons bekommernis.

Ons samelewing is so onkundig en onwetend oor wat die Bybel sê – en dis gevaarlik.

Nadat die slang eers vir Eva gevra het na al God se motiewe kom sy woorde: ***Gen 3:4-5;***

"..julle sal gewis nie sterwe nie;

Maar God weet dat as julle daarvan eet, julle oë sal oopgaan, sodat julle soos God sal wees deur goed en kwaad te ken..”

Toe Eva nou na die vrugte kyk, dink sy totaal anders:

* Wat kan beter wees as hierdie heerlike, aanloklike vrugte.

Dit kan my liggaam en my gedagtes dieselfde tyd voed.

Ek kan net so wys word as God.

Net soos Hy, dalk miskien gelyk aan Hom.

Dis tog moontlik dat ek Hom selfs nie eers meer nodig sal hê nie .*

Sulke gedagtes was so wonderlik, en vir Eva genoeg.

Sy neem en eet daarvan en gee ook aan Adam daarvan – hy was net daar langs haar al die tyd.

Adam was ook oortuig dit sal werk. Hoe wonderlik.

Die slang se taktiek het gewerk – hy het hulle oorwin.

PERFEK IN WYSHEID:

Ons leer hier van Satan se sukses.

Wie was hy ? Hierdie eerstydse engel in die hemel.

Om presies te wees: Hy was ‘n gerub nie ‘n aartsengel nie.

Eseg 28:14

“..jy was ‘n gèrub met uitgespreide vlerke wat beskut, en Ek het jou gestel op ‘n heilige berg..”

Eseg 28:12 - beskryf hierdie skepping van God as:

“..vol wysheid en volmaak in skoonheid..”

Hy was vol wysheid en geleer hoe om dit te gebruik vir enige doel.

Met hierdie wysheid oortuig hy ‘n derde van al die engele om hom te volg in sy opstand teen God. (***Open 12:4)***

Eseg 28:17 sê verder van die Satan:

“..hoogmoedig het jou hart geword oor jou skoonheid..”, want hy het iets wat God hom gegee het, omgeswaai, om dit vir sy eie persoonlike begeertes te gebruik.

Met hierdie wysheid oortuig hy ‘n derde van die engele, en mislei hy daarna God se kroon van die skepping: Adam en Eva ook.

Die apostel Paulus het verseker nie hierdie teenstaander van hom onderskat nie.

Hy het presies geweet dat die vyand die vermoë het om iets wat goed is, sleg te laat lyk, en omgekeerd.

Vriend: daardie alarm lui vandag nog aanmekaar:

Word wakker – die Satan is ‘n werklikheid, en hy is nog altyd besig met sy bose werke en planne.

Hy draai vandag nog steeds doekies om God se kinders se oë.

Kyk wat gebeur vandag in die kerk:

Mense glo elke dag nog Satan se leuens, en daarom is daar in die

kerk:

Kerke wat skeur, huwelike wat be-eindig word, predikante wat moedeloos is, families wat opbreek, kerkmense wat teen mekaar werk en hoor-sê wat gepreek word.

* Die kerkbanke is vol van mense wat seergekry het en met stukkende lewens sit.
* Hulle luister na preke, maar gaan nie geestelik vorentoe nie.
* Hulle hoor van God se liefde, maar self ondervind hulle dit nooit nie.

* Hulle hoor van die krag van gebed, maar in hulle eie lewe bid

hulle teen die plafonne vas.

Ek ken ‘n wonderlike predikant.

Hy is kragtig deur God gebruik om in sy gemeente, mense te beraad en het letterlik oor al die jare, honderde huwelike gered.

Die duiwel het hier baie pakslae gekry, maar dit het nie gemaak dat hy weggaan nie.

Skielik het hy dit reggekry om in Clive ‘n gevoel van kwaad teen- oor sy eie vrou te ontwikkel.

Daar kom toe ‘n gevoel in hom op dat sy vrou hom nie werklik in sy bediening ondersteun nie, en hom soms selfs teengaan.

Skielik is daar ‘n ander vrou op die toneel wat aan hom net die regte dinge doen.

Dit wat hy vir jare vir ander mense geleer het, was skielik nie meer belangrik nie.

Sy oë was toe vir sy eie foute.

Hy het nie meer gehoor wat God sê nie – daar het verwarring en twyfel ingekom.

Vandag is hy geskei, uit die bediening, en ly hy ‘n mistroostige lewe.

Mense glo my, as Clive kan val, kan baie ander ook val!

MOET NIE ONKUNDIG WEES NIE !

Wat doen ons ?

* Ons glo te maklik dat ons stryd is nie in die gees nie.
* Ons vat ongelukkig nie die duiwel ernstig genoeg op nie.
* Ons glo nie die Bybel wat sê: Gee die Satan geen plek nie.

* Ons glo nie hy sal iets met my regkry nie.
* Ons glo ons is onder die bloed – en vry van aanslag – passop

  baie ander het dit voor jou ook geglo.

Verstaan mooi – ons is hier met lesings besig oor die taktiek van die vyand – en nie hier om hom eer te gee nie.

Ek moet jou leer oor die skurk en die vyand, dat jy kan besef hoe wonderlik groot ons God is, dat Hy jou uit alles kan red en verlos, want Hy is tog baie groter en sterker as die teenstaander.

Interessant om te weet dat die Bybel drie keer meer vir ons leer oor Satan, as oor engele;

En drie keer meer vir ons leer oor die hel, as oor die hemel.

2 Kor 2:10-11 Paulus aan die kerk:

"..sodat ons nie deur die Satan bedrieg sou word nie;

Want ons is met sy planne nie onbekend nie.."

Satan se grootste wapen is **SONDE:**

Hy kom in om jou te mislei – en dis die manier waarop hy jou dan oorhaal om sonde te doen.

Hy kan jou ongelukkig ook oortuig om sonde teenoor God te doen, nie net teenoor jouself of teenoor ander mense nie.

Een van die grootste misleidings vandag is dat ons nie meer sonde, sonde noem nie.

Daarvoor het ons net te gesofistikeerd geraak.

Ons noem dit deesdae: my probleme, my swakhede, my broosheid of my foute.

Ek sê jou dit maak nie saak wat jy dit noem nie – dis sonde.

Jak 4:17;

"..wie dan weet om goed te doen en dit nie te doen nie, vir hom is dit sonde.."

Wat was dan verkeerd dat Adam en Eva 'n ou appeltjie ge-eet het?

Dit was verkeerd vir èèn rede – God het gesê hulle mag nie – en hulle het dit geweet.

Dit het niks met honger of mooi vrugte te doen gehad nie !

Die eet van daardie vrugte was net een ding: ongehoorsaamheid aan God.

Jy mag nooit iets doen, net omdat jy 'n persepsie het, dat dit nie so erg is, of verkeerd is nie.

Gaan net terug en maak seker van die oorspronklike opdrag.

Satan se belofte aan Eva was dat dinge met haar sommer vinnig baie beter sal gaan.

Sy sou nie net nooit kon doodgaan nie, maar sou ook soos God kon wees.

Wel, met alles wat Satan aan Eva belowe het, het nie gebeur nie.

Sy het nie wys geword nie, sy het nie soos God geword nie – niks nie.

Adam en Eva sterf geestelik.

Hulle is direk uit God se teenwoordigheid geskop.

Ellende het op aarde vir hulle gewag, en uiteindelik het hulle nie net geestelik nie, maar ook fisies gesterwe.

Dit is die plan van die teenstaander:

* Hy wil jou in sonde hou, en weghou van God se verlossing en redding.
* Hy wil keer dat die heiliges in God se oorvloed sal wandel.

* Ons kan nooit in God se vrede loop, as ons in ongehoorsaamheid en hardkoppigheid wandel nie.
* Hy hou ons weg daarvan om vergifnis van ons sonde te kry.
* As jy nie vergifnis kan aanvaar nie, sal jy nooit God se roeping op jou lewe, ten volle kan uitleef nie.
* Trots en hoogmoed in ons eie lewens maak baie deure oop vir sonde.
* Die oomblik dat jy dink niks kan met jou gebeur nie – is jy in die moeilikheid en kom die val so maklik.

HOOGMOED & TROTS: DIE EERSTE SONDE

Jak 4:6-7;

"..God weerstaan die hoogmoediges, maar aan die nederiges gee Hy genade.

Onderwerp julle dan aan God; weerstaan die duiwel, en hy sal van julle wegvlug.."

Die eerste opgetekende sonde was die sonde van Lucifer, in die hemele.

Hoogmoed en trots het in sy lewe ingekom, en gemaak dat hy alles verloor.

Satan ken baie duidelik die vers in die Bybel:

Spreuke 16:18

"..trotsheid kom voor die verbreking; en hoogmoed kom voor die val.."

Hoogmoed kom altyd eerste in, dan die sonde.

Daarom wil Satan altyd hê dat jy baie meer van jouself moet dink, as wat jy moet.

As jy in hierdie area struikel my broer, moet jy mooi gaan besin.

Kom laat ons die saak uitmaak sê God:

Om in sonde te lewe is verskriklik, maar om nog 'n skuldgevoel daaroor te hê, is nog erger.

Al was jy rooi van die bloed van sonde, kom dat Ek jou kan was en jou wit maak soos wol.

1 Joh 3:8 Jesus wat sê;

"..Ek het gekom om die werke van die duiwel te verbreek.."

Neem nou My outoriteit in die Naam van Jesus Christus, en weerstaan die vyand, oorwin hom en begin om te lewe.

4. SATAN IS ONTWAPEN

Kol 2:13-15;

"..en julle, wat dood was deur die misdade en die onbesnedenheid van julle vlees, het Hy saam met Hom lewend gemaak deurdat Hy julle al die misdade vergeef het,

En die skuldbrief teen ons, wat met sy insettinge ons vyandig was, uitgedelg en weggeruim het deur dit aan die kruis vas te nael,

Nadat Hy **die owerhede en magte uitgeklee** en hulle in die openbaar tentoongestel en daardeur oor hulle getriomfeer het.."

Satan se vootdurende aanklag teen ons, is van ons grootste probleme.

Voortdurend wil hy jou laat verstaan dat jy te veel sonde het en dat Jesus Christus dit nie eintlik kan vergewe nie, en so hou hy jou gevange.

Oor al die jare probeer hy om 'n totale houvas op jou te kry.

En ons weet nou, dat as ek twyfel of wonder, het hy my.

Skielik twyfel ek of ek genoeg skietgoed het om hom oor dit alles te kom.

Maar Jesus het presies geweet hoe dit gaan werk.

Hy het lankal geweet wat Hy met satan gaan doen.

Daarom sê Hy vir ons in ***Lukas 11:20-22;***

"..maar as Ek deur die vinger van God die duiwels uitdryf, dan het die koninkryk van God waarlik by julle gekom.

Wanneer 'n sterk man (Satan van wie Hy praat) wat goed gewapend is, sy huis bewaak, is sy besittings in veiligheid.

Maar as een hom oorval wat sterker is as hy en hom oorwin, neem hy sy volle wapenrusting weg waar hy op vertrou het, en deel sy buit uit.."

Lees mooi: Ten einde die duiwel van al sy besittings te kan beroof, moes Jesus eers die wapenrusting waarop Satan gehoop het, van hom wegneem.

Daarna kon Jesus die buit uitdeel aan al sy kinders.

Die buit wat Hy kom terugwen het, is ons gesondheid, ons oorwinning en ons voorspoed – want dis wat satan kom steel het.

Jesus kon dit alleen regkry deur die sonde uit ons lewens te kom verwyder, wat ons weggehou het van Sy heerlikheid.

Dis hoekom die kruis finaal Satan se wettige houvas op ons kom verwyder het, en dit moontlik vir ons gemaak het dat ons sonde vergewe kan word.

Die oomblik dat jy loskom uit sy houvas, kan jy net daar aanspraak maak op al God se seëninge.

Toe Jesus Christus daar op die kruis die woorde: " Dit is volbring!"

uitgeroep het, was die veldslag gewen.

Die vyand is oorwin en is geforseer om oor te gee.

Dis nou moontlik om te lewe met ‘n gees, ‘n siel en ‘n liggaam wat vrygekoop is.

Jy kan maar werklik ook uitroep: “ Ek is verlos deur Sy bloed en deur Sy wonde is daar vir my genesing, want om vrygespreek te wees, is vir ewig. “

Die oomblik van triomf op die kruis, doen nog iets.

Al die jare was die Heilige Gees geslote en beperk tot die Allerheiligste deel van die tempel.

Die oomblik dat die gordyn oopskeur, word die Heilige Gees vrygestel om daarna vir ewig in mense te woon – nooit weer in ‘n gebou nie.

Hierdie krag wat vrygestel word tesame met die Heilige Gees, maak dat dit vir my en jou moontlik is om in oorwinning te leef.

Maar om so te lewe, is nie so maklik nie.

Daar is sekere punte waarop ek en jy moet let:

DIE EERSTE PUNT VANDAG: VERGIFNIS:

Dit bly een van die grootste probleme in Christene se lewe.

Die probleem is net so groot in die kerk.

Satan kry dit reg om na alles wat ons weet, mense nog in gebondenheid te hou in hierdie saak.

So dikwels vind ons iemand wat in sonde val – in die gemeente, maar na sy belydenis van sy sonde, vind die kerk dit moeilik om hom te vergewe !

En so word hierdie man se verlede vir ewig voor hom gegooi – asof God ons nie almal wat na Hom toe kom met berou, vergewe nie !

Almal is so gretig om God se standaarde van heiligheid voor te hou, maar as dit by liefde en genade vir mekaar kom, kom ons kort.

Dis net asof ons mekaar na ‘n misstap, net nie weer kan vertrou nie.

Tog wonderlik dat God vir Dawid, na sy misstap, weer herstel het.

Kom ons lees wat sê Paulus: ***2 Kor 2:10-11***

“..aan wie julle iets vergewe, vergeef ek ook; want wie ek ook vergeef het – as ek iets vergeef het – dit was om julle ontwil voor die aangesig van Christus, sodat ons nie deur die Satan bedrieg sou word nie;

Want ons is met sy planne nie onbekend nie..”

Ons kan nie net aanhou om Christene wat gestruikel het en ons teleurgestel het, net uit te skuif nie.

Maak nie saak wie in die kerk struikel nie – die predikant, die orkesleier, die ouderling en die gewone lidmaat: en hy kom tot belydenis van sy sonde, moet ons hom herstel in die gemeente, anders skep dit probleme.

Omdat Satan ons vashou met sonde-bewustheid en minderwaardigheid en skuldgevoelens, is vergifnis en herstel van verhoudinge daarna, ‘n groot slag vir die duiwel.

Soveel mense bly in die agtergrond in die kerk, net omdat hulle eenkeer seergekry het, en nie weer aanvaar is in die groep nie.

In die tuin van Eden was dit Satan se groot begeerte om Adam en Eva op ‘n plek te bring waar hulle ongehoorsaam is, en sonde doen.

Hy het dit reggekry.

Die grootste probleem vir Satan was dat dit vir ons moontlik gemaak is, dat ons sonde vergewe kan word.

Dit kan hy nie keer nie – maar hy sal nie ophou probeer nie.

Dis waarteen die duiwel nog altyd veg – maar dis presies wat die kruis kom doen het:

Om die duiwel uit te klee as die verloorder.

Die belofte kom dan ook in die Paradys, na die sondeval:

Gen 3:15

"..Hy, die mens, sal jou kop vermorsel, en jy sal hom aan sy hakskeen byt.."

Albei die partye gaan skade kry in die proses.

Die hak van die Messias – die vrou se saad – sal gekneus word, maar Satan se kop sal vermorsel word.

God waarsku sy skepping hier dat daar 'n prys betaal gaan word, om die laaste oorwinnng te kry.

Jesus Christus het daardie prys kom betaal – vir jou en vir my.

Met die oorwinning alreeds behaal, moet ons as sondaars dit net aanvaar.

TWEEDENS: VEROORDELING EN SKULDGEVOELENS:

In my werk sien ek elke dag hoe Christene nie hierdie vergifnis van God aanvaar nie.

Hulle bly jaar in en jaar uit dieselfde:

Besig om slegs die sleg en die swaar uit die verlede te onthou.

Hulle drink handevol pille – gaan vir slaapterapie en behandeling, en al waaroor hulle praat is die teleurstellings van die verlede.

Jy sien vriend, hulle glo nog steeds wat satan vir hulle sê:

Hulle glo nog steeds die leuen:

Wat is die leuen ?

Dat dit God is wat hulle nie wil help nie,

en dat dit God is wat al hulle probleme vir hulle gee,

en dat dit God is wat wreed en aaklig is en hulle nie beskerm teen siektes en teen aanvalle nie.

Hulle besef nie dis die vyand wat hulle die hele tyd aankla nie.

Open 12:10-11

"..nou het die heil en die krag en die koningskap die eiendom van onse God geword, en die mag van sy Christus; want die aanklaer van ons broeders is neergewerp, hy wat hulle aanklaag voor onse God, dag en nag.

En hulle (die gelowiges) het hom oorwin deur die bloed van die Lam en deur die woord van hulle getuienis.."

Weet dit: die duiwel hou nie op net omdat ons tot bekering kom nie.

Lees wat staan hier bo: hy het "die broeders" aangekla – nie net die sondaars nie.

Die gelowiges se groot stryd is om 'n skoon gewete en skoon gedagtes elke dag te hê.

Vergewing van ons sonde, is God se geskenk aan jou en my, maar, God kan nie jou gedagtes en gewete vir jou skoon hou nie.

Dis waar die stryd lê: Soveel van ons se sondes word vergewe, maar dis net amper onmoontlik om so te lewe.

* Hoekom hou ons aan terugval in dinge wat alreeds vergewe is ?

* Hoekom is jy nog skaam oor jou verlede ?

* Hoekom kom oorwinning nie ?

* Waarom is daar dan nog soveel baie siek en verwoeste mense ?

Alles gaan goed vir 'n rukkie, dan is ek maar net weer waar ek begin het!

Al is Satan se krag gebreek en al is ons verlos, is daar nog altyd 'n magdom demone wat ons vryheid teenstaan en ons aanvat oor ons oorwinning.

Demoniese geeste het geen reg om gelowiges aan te val nie, maar hulle weet dat miljoene mense nie weet dat Satan oorgegee en verloor het nie.

Hierdie mense weet nie dat Satan se magte geen reg oor hulle het nie, en dus gaan die demone ongehinder voort om hulle tot oorgawe te dwing.

Die grootste rede daarvoor is maar net dit wat ek ook aan die begin gesê het: Solank as wat die kerk kies om oor sekere geestelike dinge 'n neutrale beleid te volg, sal hulle 'n prooi vir Satan bly.

Vroeër het ek gewys dat God Satan kon ontwapen, deur hom (sy sterkman) te oorweldig met groter krag.

Wat kom gee God nou aan my en jou ?

Matt 16: 18-19; Hier begin Jesus om Sy totale mag aan ons oor te dra – hier aan Petrus, en dan later aan ons:

"..Jesus sê: Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my gemeente bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie.

En Ek sal jou die sleutels van die koninkryk van die hemele gee; en wat jy ook op aarde mag bind, sal in die hemel gebonde wees, en wat jy op die aarde mag ontbind, sal in die hemel ontbonde wees.."

Nou stap uit in die Naam van Jesus Christus en bind jou vas aan God se koninkryk.

Daarna ontbind jy alle mag van die bose wat jou gevangene mag hou, en breek dit af, en dit sal tot in die hemel ontbonde wees.

Hoe wen ons hierdie stryd ?

Open 12:11 het dit nou net vir ons gesê:

Ons kan slegs die duiwel oorkom deur die bloed van die Lam voortdurend in my lewe, en aanhou getuig dat ek alreeds oorwinning het.

Die eerste deel is God se werk: die bloed van die Lam;

Die tweede deel is ons verantwoordelikheid: getuienis.

Belangrik: die dag toe ons wedergebore geword het, het ons ook die regverdigheid van God verkry.

Regverdigheid gee jou sekere regte.

Met dit kan jy aanspraak maak daarop dat jy God se kind is.

Nou kan jy met openhartigheid en selfversekering vir die duiwel sê:

"..haal jou hande af van my eiendom !"

Jy moet presies weet wie jy is in Christus Jesus.

Sy kind en Sy erfgenaam !

Wat sê Hy vir jou ? ***Joh 14:14***

"..as julle iets in My Naam vra, sal Ek dit doen.."

Vader se voorwaarde: Solank as wat Hy weet dat jy opreg is, en dat jy bereid is om te volhard.

Jesus sê weer: enigiemand wat wil verander, sal Sy hulp kry.

Baie mense bid egter nie lank genoeg of opreg nie.

As jy nie geduld het nie, sal jy nie Sy seën maklik ontvang nie.

Mense se volharding is 'n bewys van hulle getrouheid.

Ongelukkig is die so dat baie mense bid in desperaatheid, en hulle ontvang, maar daarna verander hulle weer so maklik.

Hulle begin maar net weer die dinge doen wat God nie van hou nie – dis hoe hulle seën weer van hulle weggeneem word.

Kom ons som op:

Die hemel is 'n voorbereide plek vir voorbereide mense.

Ons dink dat ons mense is wat op 'n geestelike reis is – nee, ons is

eintlik geestelike mense wat op 'n menslike reis is.

Jy moet kerk toe gaan om die Here te behaag – nie mense nie.

Ons moet ons hart opgewek en rein hou as ons in Sy teenwoordigheid wil bly, en Sy stem wil hoor.

Staan op elke belofte wat Hy gee – satan mag dit nie kom steel nie.

5. DEMONE EN BEVRYDING

Jesus was 'n bevryder – 'n uitdrywer van demone.

Net weer van voor af: **Wat is demone ?**

Opsomming van Lucifer en sy gevalle engele.

Dit is een van die probleme in die kerk vandag.

Hoe moet die kerk erkenning gee aan die hele bediening van Jesus Christus op aarde, sonder om te doen wat Hy gedoen het?

Dis baie moeilik.

Hy het nie net alleen duiwels uitgedryf nie, maar het ook hierdie vermoë aan sy dissipels, en later aan nog 70 gegee, om te gaan doen.

Die geskiedenis vertel vir ons dat hulle presies gedoen het wat Jesus van hulle verwag het.

Net vir kennisname weer: demone is ook gevalle engele, onrein geeste of bose geeste, of soos wat die ou vertaling dit vertaal het as duiwels.

Dieselfde benaming vir dieselfde goed.

Wat was Jesus se opdrag aan die kerk voordat Hy opgeneem is?

Mark 16:17

"..en vir die wat geglo het, sal hierdie tekens volg: in my Naam sal hulle duiwels uitdryf.."

In hierdie geval: sal hulle "demone" uitdryf.

Hierdie was defnitief nie net vir die apostels nie, maar vir elkeen wat glo – dit is ook jy en ek. Die opdrag is vir ons.

Die hele handeling om demone uit te dryf, noem ons "bevryding".

Dis duidelik dat God oral 'n begeerte skep in mense, om reinheid na te streef.

Die kerk van vandag sit egter met die dilemma: hulle almal besef dat daar goed is soos demone, maar ignoreer ongelukkig die opdrag van God dat sy kinders, as roetine, demone uit mense moet uitdryf.

Die dilemma word nog groter as ons begin sê dat daar ook nie iets is soos tale spraak of goddelike, bonatuurlike genesing nie.

Bevryding en die uitdryf van demone is nie net 'n manifestasie van die gawe van die werkinge van kragte nie, dis 'n absolute noodsaaklikheid in die kerk.

Terwyl demone 'n werklikheid is, word daar van Christene verwag om mense daarvan te bevry.

Jesus Christus beskryf sy hele bediening van bevryding so;

Matt 12:28

" maar as Ek deur die Gees van God die duiwels uitdryf, dan het die koninkryk van God by julle gekom."

In die hele Ou Testament het nie een van die profete van ouds ooit bevryding gedoen nie.

Hulle het wel wonderwerke van die natuur gedoen, maar nooit demone uit mense gedryf nie.

Hierdie gawe is spesiaal gehou om as bewys te dien dat die Messias aangekom het.

Geen mens wat in ‘n stadium sonde gedoen het, het in daardie tyd die outoriteit gehad om vir ander geestelike wesens opdragte te gee nie.

Jesus Christus, as sondeloos, moes eers die eerste treë kom gee.

Daarna kon diè wat in Hom is, met dieselfde gawe begin optree.

Hy kom gee Sy outoriteit eers aan die twaalf, daarna die 70, en vandag ook aan ek en jy.

Wanneer ons nou in hierdie selfde outoriteit beweeg, is dit ‘n bewys dat ons behoort aan die koninkryk van God.

Ons moet begin om mooi te let op Jesus se bediening op aarde:

Lees ***Markus 1:21-27***

“..en hulle het in Kapernaűm gekom, en dadelik op die sabbat het Hy in die sinagoge ingegaan en begin leer.

En hulle was verslae oor sy leer, want Hy het hulle geleer soos een wat gesag het en nie soos die skrifgeleerders nie.

En daar was in hulle sinagoge ‘n man met ‘n onreine gees; en hy het uitgeskreeu en gesê: Hou op ! Wat het ons met U te doen, Jesus, Nasarener ?

Het U gekom om ons te verdelg ? Ek ken U, wie U is: die Heilige van God !

En Jesus het hom bestraf en gesê: Bly stil en gaan uit hom uit !

En die onreine gees het hom stuiptrekkings laat kry en met ‘n groot stem geskreeu en uit hom uitgegaan.

En almal was verbaas, sodat hulle onder mekaar vras en sê: Wat is dit ? Watter nuwe leer is dit, dat Hy met gesag ook aan die onreine geeste bevel gee en hulle Hom gehoorsaam ?..”

Dis duidelik dat die mense van daardie tyd nie onbekend was met persone wat onder die invloed was van bose geeste nie.

1. Jesus het gefokus op lering en onderwysing, nie op bevryding nie, maar wanneer die geleentheid hom sou voordoen, het Hy demone uit mense gedryf:

In die verhaal van Jesus se eerste bevryding, is dit duidelik dat Jesus sinagoge toe gegaan het om te preek en lering te gee.

Die Bybel sê dan ook in ***vers 2:*** “..en hulle was verslae oor Sy leer..”

Dit moet vandag nog so wees: elke prediker moet die Woord van God aan mense leer, maar as daar teenstand kom van demone, moet hulle eers verwyder word – anders steel hulle net die Woord weg van die mense, of hulle gaan die prediker teë.

Bevryding moet nooit net alleen as ‘n bediening gedoen word nie – tensy daar daaroor lering plaasvind.

Die vraag kom dan ook dikwels: hoekom manifesteer mense as die demone uit hulle uitgaan ?

Wat het gebeur in die voorafgaande gebeurtenis ?

Mark 1:26;

“..en die onreine gees het hom stuiptrekkings laat kry en met ‘n groot stem geskreeu en uit hom uitgegaan..”

Let mooi: die onreine gees het dit gedoen, en dis **HY** wat so geskreeu het.

Dit is net normale praktyk dat die oomblik dat bevryding gebeur, daar 'n fisiese manifestasie ook is – meestal is dit deur sy mond.

Of hulle hoes, of skreeu, of kreun en steun , of roep uit, of spoeg of soms volg daar braking – of soms gebeur daar baie min.

Hand 8:7 – onder Filippus se bediening

"..het die geeste uitgegaan terwyl hulle met 'n groot stem skreeu.."

Alles dui daarop dat die algemene uitgaansplek van demone deur die mond is.

Na alles, is dit nie ons groot monde wat die deure oopgemaak het vir hulle om in te kom nie ?

Uit, net daar waar hulle ingekom het.

2. Jesus Christus het op gereelde basis bevryding op mense gedoen.

Mark 1:32-34;

"..en toe dit aand geword het en die son onder was, het hulle na Hom gebring almal wat ongesteld en van duiwels besete was.

En die hele stad het by die deur saamgedrom.

En baie wat aan allerhande siektes gely het, het Hy gesond gemaak en **baie duiwels uitgedryf** en die duiwels nie toegelaat om te praat nie, omdat hulle Hom geken het.."

Hoekom mag hulle nie gepraat het nie ?

Omdat Jesus wou hê dat mense Hom as die Messias moet sien deur wat Hy doen, en nie net omdat demone so sê nie.

Watter rol speel medikasie as behandeling, in die toestand van demoon-aantasting?

Wel, dit kan mense so sedeer en aan die slaap maak dat hulle nie meer die stemme so hard hoor nie, maar origens het dit weinig invloed op mense.

Om anti-depressante te neem is iets totaal anders.

Ek persoonlik hou hulle op hierdie soort medikasie totdat hulle totaal vry is – dan kan hulle dit staak.

Ek glo dat jy jouself die grootste moontlike kans moet gee om vry te kom.

Dus: medikasie speel nie 'n direkte rol om mense vry te kry nie.

Die permanente oplossing lê in bevryding en totale herstel deur God.

3. Jesus Christus het nie demone uit almal gedryf nie.

Jesus het by die voorafgaande geleentheid met die demoon-geteisterde in die sinagoge, slegs daardie man bevry.

Miskien het net hy gemanifesteer, maar Jesus het nie net daar vir almal gebid nie.

Daar is nog altyd **twee kampe:**

* Diè wat sê dat Christene gladnie onder demoon-aantasting kan kom nie;

* En diè wat sê ons het almal demone in ons.

Ek glo altwee is verkeerd:

Baie mense kan onder demoniese invloed wees, maar defnitief nie almal nie.

Net weer:

As demoniese aanslag **VAN BUITE** af is, beteken dit dat ek nog totale beheer oor hulle het.

As die aanslag **VAN BINNE** af is, het ek geen beheer oor hulle nie.

In die geval van die apostels is dit net Judas wat demone gehad het.

Nêrens staan dat een van die ander ook gehad het nie.

Hulle was net mense wat ook foute gemaak het, maar nooit het demone hulle beheer nie.

Die naaste wat hulle daar aan gekom het was in ***Matt 16:23,*** toe Jesus met Petrus gepraat het.

Hier sê Hy: "..gaan weg agter my Satan.."

Maar hier het Hy direk met Satan gepraat wat Petrus wou misbruik, maar Hy het nie nodig gehad om Petrus te bevry daarvan nie.

4. Jesus Christus het nooit in gesprek met demone gegaan nie.

In ***Mark 5:8,*** sê Jesus vir die demoon: "..onreine gees, gaan uit die man uit.."

Dit is die normale manier om met demone te praat.

'n duidelike opdrag – met outoriteit.

Hierdie spesifieke demoon was 'n baie sterk en hardnekkige een.

(lees daar hoe hy die besetene van Gadara beheer het)

Dis hoekom Hy hom in ***vers 9*** sy naam vra – net om te weet met wie Hy te doen het.

As jy bevryding op besetenes en nie-christene doen, is dit baie belangrik om te weet wie die sterk man is wat die persoon beheer.

Soms sal die demoon self sê wie hy is.

Soms as die stryd groot is, kan jy sy naam vra – dan weet jy met wie jy te doene het.

Bv. Die gees van aggressie of die gees van die dood, ens.

5. Jesus Christus het demone uitgedryf deur Sy Woord:

Toe Hy die demone uit die man in die sinagoge uitgedryf het, was die persone in die kerk uiters verbaas.

Mark 1:27;

"..en almal was verbaas, sodat hulle onder mekaar vra en sê: Wat is dit? Watter nuwe leer is dit, dat Hy met gesag ook aan die onreine geeste bevel gee en hulle Hom gehoorsaam is.."

Hulle was net nie gewoond daaraan dat mense demone opdragte gee slegs deur woorde nie, maar dis presies hoe Jesus mense bevry het.

Matt 8:16;

"..en Hy het die geeste met 'n woord uitgedrywe.."

* So, bevryding word deur woorde deur jou mond gedoen.

* As daar genoeg gesag saam met dit is, sal hulle uitgaan.

* Jesus Christus het vir ons Sy Naam gegee – dis al wat ons nodig het.

* Ons mag op niks anders as dit staatmaak nie.

* In Sy Naam, moet demone hulle knieë laat buig.

Met die krag van die Heilige Gees en genoeg kennis van Sy Woord, het ons genoeg skietgoed om demone suksesvol uit te dryf.

Christene reik uit na God met ‘n begeerte om geestelik te groei, en hulle besef dat elke soort belemmering, uit die weg geruim moet word.

Bevryding is ‘n essensiële deel van die voorbereiding van die bruid vir die Bruidegom – om sonder vlek of rimpel te wees.

Die hele opdrag vir gereedheid, is ons eie verantwoordelikheid

6. KAN CHRISTENE OOK NOG ONDER DEMONIESE INVLOED WEES ?

Kom ons begin voor.

Mark 1:21 en 23;

“..en in Kapernàum het hulle dadelik op die sabbat in die sinagoge ingegaan en begin leer.

En daar was in hulle sinagoge ‘n man met ‘n onreine gees; en hy het uitgeskreeu..”

Jesus Christus se eerste suksesvolle uitdrywing van ‘n bose gees, was in ‘n Joodse sinagoge – nie in ‘n afgodstempel nie.

Hierdie man was in ‘n ortodokse Joodse plek van aanbidding.

Die gebruik in hierdie jare was om enige persoon, wat nie voldoen het aan al die vereistes wat die Fariseërs daar gestel het, nie in ‘n sinagoge toe te laat nie.

Toe Jesus beskuldig was dat Hy tyd spandeer het met tollenaars, melaatses en prostitute, was dit juis omdat hierdie mense as onrein gereken was, en nie toegelaat is in die kerk nie.

Al het ‘n man ‘n gelowige van God geword, was hy nie in die sinagoge toegelaat nie.

Nie voordat hy nie aan al die vereistes voldoen het van die Joodse geloof nie, en dit sluit sirkumsisie in.

Dit maak hierdie man wat Jesus bevry het in die sinagoge, ‘n vol-waardige, ortodokse gelowige.

Kom ons kyk net weer na die mens: Gees, siel en liggaam.

Die oomblik as ek my lewe aan Jesus Christus gee, kom Hy in en beheer my gees.

My gees – wat die belangrikste deel van my is, kom

onder beheer van die Heilige Gees.

Daar is geen manier dat ‘n demoon ooit oor my gees beheer kan kry nie, maw. ek kan nooit deur demone besit of deur hulle totaal beheer word nie, of hulle eiendom word nie.

Engels: “ I can, as a Christian, not be demon-possessed, nor can a demon inhabit my spirit.”

My gees is die deel van my wat wedergebore word – wat onder Jesus Christus en die Heilige Gees se beheer kom.

Maar, my siel en my liggaam is nie wedergebore nie.

2 Kor 5:17;

“..daarom, as iemand in Christus is, is hy ‘n nuwe skepsel..”

Watter deel van my het nuut geword ?

* Defnitief nie my liggaam nie – ek het nog steeds my ou liggaam, en hy word jaarliks net ouer en swakker.

* My siel: wel daar was verandering, maar dit het nie ‘n nuwe skepping geword nie.

Nou waar werk die demone dan ?

Die Bybel sê hulle kom om jou te “vex” – engels.

Dit beteken om jou lastig te val, te treiter, te pla, te irriteer

en te kwel.

Dit is alles in jou sielsdimensie.

EERSTENS: Hierdie aanvalle kan net **van buite af** wees.

Dit beteken dat jyself nie oopmaak vir demoniese aanval nie, maar dat hulle jou van buite af net lasting val en treiter.

Paulus noem dit in ***2 Kor 12:7;***

“..’n engel van Satan, om my met die vuis te slaan en te treiter.”

Diè aanval was nie van binne van Paulus af nie, maar van buite af.

‘n Engel van Satan, gestuur om hom aan te val en ‘n vervolging teen hom te veroorsaak.

TWEEDENS: Wat dan is aanvalle **van binne af** ?

Nou daar is baie dinge binne in my: organe en stelsels, maar daar is ook my gedagtes en my emosies.

Nou demone werk meestal in die area van ons gedagtes.

Die hele oorlog speel af in my gedagte-wêreld.

As demone dit kan regkry om my gedagtes te beheer, kan hulle my lei in sonde, en dan het hulle my.

Dis hoekom Paulus ons leer om iets te doen met ons siel en met ons liggaam: ***Rom 12:1-2;***

"..ek vermaan julle dan, broeders, by die ontferminge van God, dat julle jul liggame stel as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer – dit is julle redelike godsdiens.

En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed.."

Dit beteken in kort dat elke gelowige, na bekering, die verantwoordelikheid moet neem om aan sy siel en sy liggaam te werk.

Wat gebeur as 'n gelowige weier om sy liggaam te gee as 'n heilige offer, of om sy siel te vernuwe ?

Is dit die oop deur wat demone inkomkans gee?

Veral as die oop deur beteken dat jy sukkel met die wellus van die vlees en sukkel met verkeerde gedagtes en sukkel om klaar te maak met dinge in die verlede ?

So gebeur dit dan dat 'n gelowige, al is dit na bekering, oop deure het vir demoniese invloed – in die kerk.

Hoe hanteer ons nou hierdie toestande ?

(1) As die demone **van buite af** is, is daar geen bevryding nodig nie.

Al wat die gelowige moet doen is om die aanvalle te hanteer, die demone te weerstaan, en hulle sal van jou af weggaan.

Die enigste nadeel: hulle gaan nie vir ewig weggaan nie !

(2) As die demone dit reggekry het om **binne in te gaan**, het so 'n persoon nou hulp nodig van ander persone, om totaal vry

te kom.

Sulke hulp word genoem: BEVRYDING.

Die enigste manier om te onderskei of demone van buite of van binne is, is die kwessie van self-beheersing.

Het die persoon die vermoë of beheer om die demoon self uit te kry, of daarvan ontslae te raak ?

As hy kan, is die demoon van buite af.

As hy dit nie self kan regkry om beheer oor te neem nie, of die vermoë om die aanslag te wen nie, is die demoon aan die binne-kant.

Hierdie onvermoë om beheer oor te neem, word gewoonlik nadelig beïnvloed deur: alkohol, pornografie, seksuele wellus, woedebuie, ooreet en vraatsugheid, drugs en ander verslawings.

Wat maak dit nog erger ?

* As daar 'n geskiedenis is van:

* die behoefte na liefde en ouer- leiding,

* fisiese en seksuele mishandeling of molestering,

homoseksuele dade en soveel ander gevaarlike dinge en optredes.

Persone wat hierin val, het al so baie keer te moedeloos geword om eers te probeer wen – hulle het almal bevryding nodig.

Daar is ook die gevalle waar jy voel dat daar ook ander persoonlik-hede in jou is – ander dinge in jou waaroor jy geen beheer het nie.

Dit kom meestal in met jou deelname aan die okkulte of mistiese bedrywe.

Hulle sê soms dat hulle dinge doen, waaroor hulle geen beheer het nie, en soms verkeerd optree, al wil hulle nie.

Daar is dan gewoonlik ook stemme wat met jou praat en met jou kommunikeer – veral saans.

Nouja, dis gevaarlik en jy het te ver gegaan.

Voordat hierdie goed jou lewe neem, kom laat ons jou bevry.

* Verhaal van seun met swaarde in skool – moord pleeg – later nie eers mooi weet wat het gebeur nie.

* Verhaal weer van meisie in dramaskool – TRUK.

Onwetend net te ver gegaan.

Soms met bevryding: Wil jy my slaan ?

Nee, die gees in my wil - hy sê ek moet jou seermaak.

Kom ons kyk net na bevryding nadat die kerk begin het in Hande-linge se tyd:

Die een groot aantekening begin in die tyd toe Paulus nog die kerk vervolg het:

Hand 8:5-8;

"..en Filippus het afgekom in 'n stad van Samaria en Christus aan hulle verkondig.

En die skare het eendragtig ag gegee op die woorde van Filippus toe hulle dit hoor en die tekens sien wat hy doen.

Want uit baie van die wat onreine geeste gehad het, het die geeste uitgegaan terwyl hulle met 'n groot stem skreeu; en baie wat lam en kreupel was, het gesond geword.

En daar was groot blydskap in daardie stad.."

Nou blyk dit daar daar heelwat mense in hierdie stad was, wat bevryding nodig gehad het.

Ons moet besef dat afgode-diens hier hoogty moes gespeel het.

Filippus dryf die demoniese mag uit die mense uit, en bring hulle tot versoening met die Lewende God.

Die een argument hier, is dat die mense nie Christene was nie, met demone in hulle.

Hierdie is egter om te verstaan hoe begin ons met evangelisasie.

Hoe gaan ons die ongereddes inbring in die Koninkryk ?

In die wêreld vandag is dit aanvaar, dat die moderne kerk die tydperk van bevryding verbygaan, en gaan hulle direk vir die bekering en daarna die doop.

Filippus bewys hier aan ons dat dit eers noodsaaklik is om sondaars te bevry, en hulle daarna na bekering toe te lei.

Nog ‘n argument:

Dis moontlik dat, as christene nie bevry word, die demone later dalk self sal weggaan.

As dit so was, waarom sou Filippus dan al die moeite gedoen het om hulle eers te bevry, as bekering alles vanself sou doen ?

Ek is regtig onder die indruk dat ons deesdae die evangelisasie metode nie reg het nie.

In plaas van om hulle deur die metode te vat wat Filippus hier bewys, neem ons die sondaars gladnie deur reiniging en bevryding nie, maar direk na die plek van doop en wat dan daarop volg.

Ek sal nog altyd glo dat dit die rede is waarom so baie mense, wat wel ‘n besluit maak om Christus te dien, so vinnig daarna weer afkoel, en uit die geloof val.

Dit wat oor jare vestings in hierdie nuwe bekeerlinge gevorm het, word net so onverhinderd daar gelaat.

Al die bitterheid en kwaad en onvergewensgesindheid en verwerping – dis nog daar.

Sonder die regte hantering van demoniese magte wat toegang gekry het in die verlede, gebeur dit so dikwels dat Christene nie kan kom by die volle potensial wat van hulle verwag word, as nuwe bekeerlinge nie.

Dis die rede dat daar nog in die kerk soveel bevryding plaasvind.

Baie meer as 90% van al die bevryding wat ek doen, is op Christene in die kerk.

Hulle het met demoniese invloed groot geword, tot bekering gekom, en sit nou nog daarmee in die kerk – dis net nog nooit reg hanteer nie.

Dis eers na bevryding dat hulle werklik in volle oorwinning kan beweeg.

Ek kan ter opsomming vir u een ding sê:

Ek het nog baie selde gesien dat iemand in totale oorwinning stap net omdat hy tot bekering gekom het – en outomaties is alle demone net weg.

Ons beleef ‘n tydperk waarin ons soveel groot Christene en veral godsmanne sien val – wat al vir ‘n hele tyd in die bediening is.

Hoekom ?

In die kerk glo ons so dikwels dat alles vanself net sal regkom.

Ek word groot met ‘n behoefte aan liefde.

Dit stoot my in opstandigheid en rebellie – en heel moontlik nog in verslawing in.

Na 10 jaar is dit nog daar, en na nog 10 jaar ook.

Intussen het ek my huwelik ook verongeluk – want ek het gereken:

Met tyd sal alles van self regkom.

Nee !

Al hierdie drama in jou lewe is daar, net omdat dit nog nooit reg hanteer is nie.

OPSOM:

Dis nie eers ‘n kwessie of Christene nog onder demoniese invloed kan wees nie – die kwessie is:

Wanneer gaan jy klaarmaak ?

Die probleem om te reken dat ek vanself sal regwees, of vanself gereinig sal wees met tyd, is:

(1) Die onderdrukking van jou wortel-probleem – dit word net nooit hanteer nie;

(2) Altyd 'n vals-sekuriteit dat niks ooit sal verkeerd gaan met my nie.

As daar ooit 'n tydperk in jou vroeë lewe was waar daar alternatiewe gode in jou lewe was, is dit absoluut noodsaaklik dat jy bevryding moet kry.

Soos wat ?

Blootstelling aan:
* voorvadergees-aanbidding,
* okkulte of waarsêery in jou familie,
* Oosterse godsdienste en meditasie,
* aflê van verbonde aan groepe,
* "drugs" en veslawings,
* speel met die bo-natuurlike dinge,
* New-Age deelname, ens.

7. GEBED IN DIE STRYD TEEN DIE BOSE

Die stryd in so groot in hemelse plekke – ons verstaan dit nie elke dag nie.

Een van die heel belangrikste aspekte in geestelike oorlogvoering is gebed.

My groot oproep vanaand is dat julle moet bid.
Ons moet mekaar leer en aanmoedig om baie meer te bid - geestelike gebed.

Satan het nog altyd ‘n strategie om ons gevange te hou – ook in ons gebedslewe.
Hy gebruik bose geeste, maar ook die menslike geeste van mense wat in satanisme betrokke is, om ons te bereik.

Mense wat nie bid nie kan deur die duiwel se werk in enige iets val en verstrik raak.

Wat is Satan se taktiek, en hoe mislei hy ons ?

Die doel van Satan in die geestesrealm is nog altyd om mense of groepe of streke te probeer gevange hou onder ‘n kombers van duisternis en misleiding.

Satan het dit reggekry om ‘n skans in die tweede hemel te bou. ’n Skans wat ons keer om in gebed net reguit na God toe te kan gaan.

Onthou hoe het Daniël gesukkel om ‘n antwoord op sy gebed te kry.
Sy gebed is in die hemele verhinder om na hom toe te kom.

Hierdie skans is opgerig in die tweede hemel , en die hele plek is toegemaak onder ‘n kombers van duisternis.
Dit baie dik en so hard soos klip, en elke areatjie word daarmee toegemaak.

Vir demone is dit moontlik om bo-op hierdie kombers te kan beweeg, maar ook om onder dit te kan ingaan.
Dis van hier af waar hulle dan gebeure op aarde kan beïnvloed.

Daar is demone en die geeste van mense wat Satan dien, wat hierdie area beskerm en beheer.
Die sataniste gaan uit hulle liggame uit en beweeg na hierdie plek toe in die gees.

Hulle werk in skofte en die kombers word elke oomblik so beman.

As hierdie menslike geeste se skof verby is, kom hulle terug aarde toe en terug in hulle liggame in en is hier om versterk te word.

Hoe word hulle versterk ?

Deur die offers van mede sataniste by hulle dienste en altare. Hierdie offers kan openlike okkultiese dinge wees, dit kan bloedoffers wees, wat insluit aborsie, of diere offers of ook menslike offers.

Hier word hulle versterk en gaan dan weer terug om hulle bose werk te gaan doen.

Terwyl hierdie bose geeste die hele area bedek en beheer, weet hulle wanneer die christene hier op aarde begin bid.

Die gebede van christene verskyn aan hulle in **drie verskillende vorms:**
Alle gebede lyk soos rook wat opstyg vanaf die aarde, op in die hemele in.

Die eerste groep se gebede wat opstyg lyk soos rook.
Dit dwarrel op en word dan amper onsigbaar en verdwyn soos mis in die lug.
Hierdie groep bid, maar dan verdwyn hulle gebede net halfpad.
Hulle is mense wat nog sonde in hulle lewe het, en hulle is nie bereid om dit te hanteer nie.
Hulle gebede is so swak dit bereik nooit eers die derde hemel nie.

Die tweede groep wat bid, se gebede styg ook op soos rook.
Dit hou aan styg totdat dit hierdie kombers bereik wat so hard is soos klip, maar kan nie deur die klip breek nie.

Hierdie is die groep mense wat regtig probeer om gehoorsaam te wees en hulle self te reinig, maar hulle het geen geloof in

wat hulle doen as hulle bid nie.
Hulle is ook geneig om al die ander sleutels wat beskikbaar is om jou gebedslewe ‘n sukses en ‘n krag te maak, te ignoreer.

Die **gebede van die derde groep** is soos rook, maar dis vol van vuur.
Soos die rook opstyg word dit warm, so warm dat wanneer dit die klipkombers bereik, smelt dit die klip soos was.
Dit breek dan deur die klip en gaan dwarsdeur – op na boontoe

Dit gebeur ook dat as mense begin bid en hulle gebede is soos die eerste groep s’n, dan kan die gebede verander.
Soos hulle aanhou bid, word hulle gebede soos die tweede groep s’n.

As hulle nou nog aangaan, kom daar skielik vuur in hulle gebede, en dit word so warm dat dit deur die klipkombers kan gaan en opgaan na Vader God toe.

Die bose geeste sien in die gees hoe hierdie veranderinge in die christene se gebede kom.
Hulle sien hoe die gebede intenser word en momentum begin kry en meer gefokus raak.

Die oomblik dat hulle gebede naby die plek kom waar dit warm word soos vuur, dan kommunikeer hulle dadelik met die bose geeste hier op aarde, en sê vir hulle: “Stop die mense se gebede !” “Trek hulle aandag af van hulle gebed !”

Ongelukkig kry hulle dit so baie keer reg om dit te doen.

Skielik lui die telefoon of iemand roep jou.
Jy wonder of jy moet gaan en of jy die foon gou moet antwoord.
Jy dink: laat ek dit net gou antwoord, dan gaan ek aan met my gebed, maar helaas, as jy weer begin, dan begin jy heel voor.
Dit is presies wat die duiwel wil hê.

Wat kan nog **jou aandag aftrek?**
Skielike pyn êrens – jou been of nek of rug.
Soms is jy skielik honger – dalk wil jy net gou iets gaan drink of eet.
Alles moontlik net om jou uit die gebedsplek uit te kry – enige vorm daarvan beteken hulle het jou oorwin.

Wat is goeie raad? Leer die mense hoe om te bid.

Mense wat nie effektief bid nie, kan deur die duiwel enige tyd ge-opponeer word.
Hulle bid, maar die vyand weet hoe om hulle te beperk.

Daar moet tyd ingeruim word vir gebed.
Nie net vir sommer algemene gebed nie – jy kan dit die res van die dag doen.
Een keer per dag moet daar 'n tyd wees dat jy ten volle gefokus moet wees op God – met niks wat jou kan hinder nie.

Hierdie moet die tyd wees wanneer jy ernstig moet bid – ge-inspireer deur die Gees, en hou aan en aan totdat iets gebeur in die gees.
Wanneer is dit ? Die oomblik dat jou gebed deur die klip breek soos vuur, en dit wegsmelt voor jou !

Die oomblik dat die klip begin smelt, is dit so warm daar dat geen demoon daar naby kan kom nie.
Geen menslike gees wat jou opponeer kan dit hou nie – hulle vlug almal voor jou weg ! Hulle hardloop weg.

Daar is nou skielik 'n opening in die geestelike realm.
My deurbraak het gekom!
Die oomblik as dit gebeur is alle weerstand weg.
Die persoon wat bid voel skielik alles gaan net goed en maklik – dis omdat hy nou direk ingehaak word met God.

'n Belangrike ding gebeur nou: hierdie opening in die geestelike realm, bly oop.
Die oomblik dat hulle daar opstaan waar hulle gebid het, en

uitbeweeg, beweeg die opening saam met hulle.
Hulle is verseker nie meer onder daardie kombers nie – maar beweeg onder ‘n oop hemel.

Terwyl hulle onder ‘n oop-hemel beweeg, kan die duiwel nie naby hulle kom en niks aan hulle doen nie.

Die teenwoordigheid van die Here is soos ‘n pilaar wat nou vanuit die hemel op hulle rus.
Hier is hulle beskerm, en daar is soveel krag binne-in daardie pilaar, dat, soos wat hulle beweeg, daardie teenwoordighheid ander mense net kan aanraak.

Daardie teenwoordigheid in hulle gee aan hulle die vermoë om te onderskei wat in ander mense se lewens gebeur het.
Soos wat hulle nou met mense staan en praat of hulle bedien, kom daardie mense ook onder die pilaar in.
En solank as wat hulle onder die pilaar staan, verswak die vyand se vestings in hulle lewens.

Dis waarom hierdie mense wat onder die pilaar staan en onder die oop hemel, so maklik nou kan vloei in die gawes van die Heilige Gees.
Wanneer hulle nou vir die ander wat daar inbeweeg bid vir siekte of vir deurbrake, dit so maklik kan kom – dis die teenwoordigheid wat die verskil maak.

Ek glo werklik dat as daar ‘n plek is waar daar voortdurend so gebid word en daar altyd ‘n oop hemel situasie kom, dan kom die teenwoordigheid in, en bly daar, en gaan nie weer weg nie.

Dis waarom as mense in so ‘n plek instap, wat nie eers gered is nie, begin al die vestings in hulle lewens net vanself verswak.
As daar nou net iemand is wat hulle kan met liefde bedien, sal hulle almal gered word en vry kom – nie deur krag of deur geweld nie, maar deur die teenwoordigheid van die Heilige Gees.

Dis hoekom Satan alles sal doen om ongereddes uit sulke plekke uit te hou, want hy weet wat gaan gebeur – en skielik kan hy dit nie keer nie.

Die taktiek van die duiwel is om mense wat kan deurbreek in die Gees, te teiken en hulle te volg.
Hierdie mense word bestudeer en alles omtrent hulle en hulle verlede word opgevolg.

So, die duiwel weet wat hulle swak plekke en hulle sterk plekke is. Nou, die oomblik wanneer hulle bid en wil deurbreek met vuur, kommunikeer die bose geeste met die ander en sê vir hulle: " vang hom hiermee, of vang hom daarmee, dis sy swakplekke."

Hulle sal altyd weet waar om jou te vang.
As dit jou humeur is, sal iemand êrens met jou kom moeilikheid soek, en as dit die seksuele is, sal daar skielik iets of iemand op die toneel kom om jou te toets.

Om op te som, hulle doen alles om die opening in die hemel weer toe te kry.
Die oomblik dat jy toegee aan die versoeking, is die teenwoordigheid weg en die klipharde kombers is weer in sy plek.

Elke keer as jy 'n deurbraak kry in gebed, en jy staan daar op, weet, jy is nog net 'n mens, soms nog met swakhede.
Niemand van ons is nog perfek nie.

Bid dan so:

* "Vader, ek het hierdie tyd van gebed geniet, maar as ek hier uitstap in die wêreld, lei my asb nie in versoeking nie.
* Vader, help my dat ek nie hier in die strik van die duiwel trap nie.
* Ek weet hy stel strikke vir my, en ek weet nie in watter vorm dit kom nie.
* Vader, ek weet ek is nog swak in sekere areas.
* Berskerm my asb, Here.

* As U sien ek loop na die plek van versoeking toe, lei my asb in ‘n ander rigting.
* Vader, verlos my asb van die bose.

In Jesus Christus se Naam,

Amen.